



# WAAROM JAKKALS 'N SWART STREEP OP SY RUG HET

OORVERTEL DEUR LINDA RODE

In die ou-ou tyd het die son glo partykeer hier onder op die aarde gebly. Ja, sommerso tussen die mense en diere. En dan het die son nes ’n mens gelyk, so het die ou-ou mense altyd vertel.

Op ’n dag draf Jakkals deur die veld op soek na eetgoed. Daar sien hy ’n fraaie meisietjie in die skadu van ’n kameeldoring sit. Sy is geel en gloei soos goud en om haar kop is ’n skitterende stralekrans.

Jakkals besluit dadelik om haar na sy huis te neem. Hy wil by die ander jakkalse spog met die sonstraalkind. “Hoekom sit jy so alleen daar, mooie kind?” vra Jakkals.

“Ek is moeg, ek rus ’n bietjie,” antwoord sy. “Netnou moet ek weer daar bo in die lug wees en my strale oor die aarde gooi.”

“Kom saam met my, jy kan op my rug ry,” nooi Jakkals.

Maar die meisie skud haar kop dat die goue strale uitwaaier oor die veld.

“Ag toe,” smeek Jakkals. “Dan brand jou voete nie so op die warm sand nie.”

Toe klim die sonstraalmeisie op Jakkals se rug en hy draf met haar deur die veld.

Baie gou begin Jakkals se rug te brand, aitsa, eina, sjoe! “Klim af, klim af,” skree Jakkals en dans rond van die seer. Maar die meisie bly sit.

“Klim af, klim af, ek wil gaan water drink,” smeek Jakkals weer. Maar die meisie bly sit.

“Klim af, klim af, my rug brand soos vuur!” pleit Jakkals. Maar die meisie bly sit.

“Ek is ’n sonkind,” sê sy. “Ek sit waar ek sit, en waar ek sit, skroei die son die wêreld.”

Jakkals rittel en dans. Hy begin hardloop soos nog nooit tevore nie. Hy hol tot by ’n waterpoel en plons daarin om die vuurbrand op sy rug te blus. Maar die sonkind bly sit. Haar helder lag weerklink oor die veld.

Toe storm Jakkals deur die water na ’n uitgedroogde boomstomp en hy skuur en skuur met sy rug teen die stomp totdat die sonkind afval.

Daarna hardloop Jakkals éérs vinnig! Hy hol oor die vlakte. “Tjaau, tjaau,” huil hy van die brandpyn. Al op sy rug langs loop ’n donker streep waar die sonkind hom gebrand het. En daardie streep, al op sy maanhaar langs, sal Jakkals vir altyd hou.